GOD ONS VADER EN DIE KERK ONS MOEDER?

Dr Schalk du Toit
Murraysburg, Mei 2008

Deur die eeue het die kerk in mense se lewens nie altyd dieselfde plek ingeneem nie. Die rol van die kerk gaan in ’n groot mate saam met die manier waarop mense oor godsdiens en die kerk dink. Soms is hierdie denke ook nie bewustelik nie, maar is dit deel van die algemene denkraam van die tyd waarin ’n mens lewe en eerder ’n onbewuste ingesteldheid teenoor die kerk.

Die kerk tydens die middeleeue

Die tydstip in die geskiedenis waar ons moet begin om ons situasie in 2008 te verstaan, is so ver terug as die middeleeue. Gedurende die middeleeue was die kerk in volle beheer van die lewe. Die “filosofie” waarop dit berus het, was dat die Koninkryk van die Hemel en die kerk identies is. Die kerk is gesien as God se verteenwoordiger en in baie opsigte God se plaasvervanger op aarde. Die kerk het dan ook die landsregering aan die koning verleen. Daar was bitter min waaroor die kerk nie die seggenskap gehad het nie. Die besluite en die uitsprake van die kerk en belangrike kerkfigure het elke mens se lewe bepaal want daarvan het afgehang wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is, wat sonde en verpligting is, hoe jy gered word en waaroor jy verlore gaan. As die priester meen dat jy jou enigste melkkoei aan die kerk moet skenk en jy weier, kon jy vir ’n onbepaalde tyd in die tronk beland en as misdadiger gebrandmerk word. Wat dit vererger het, is dat die kerk hoe langer, hoe meer van God vervreemd geraak het en as’t ware vir God vervang het.

Die kerk na die Hervorming

Die herlewing wat vandag die Hervorming of Reformasie genoem word, het hierdie absolute mag van die kerk verbreek. Verskeie voorlopers het ’n rol gespeel, maar die begin van die Hervorming word gewoonlik aangedui as Oktober 1517 tot Martin Luther sy vyf en negentig stellinge teen die deur van die kasteel van Wittenberg vasgespyker het. In Genève was dit Johannes Calvyn wat sedert die 1530’s die Hervorming deurgevoer het deur dit prakties in die stad te laat plaasvind en teologies verwoord het in sy *Institusie van die Christelike Godsdiens.* Die Hervorming het die mag van die kerk verbreek deurdat dit die gesag wat die kerk deur die middeleeue gehad het aan die Woord van God (Bybel) toegeken het en die kerk self aan die Bybel onderwerp het.

Die kerk was steeds belangrik want die kerk moes die Bybel vir die lidmate toeganklik maak. Die verskil was egter dat die lidmate nou kon saampraat oor die Bybel, God se bedoeling met wat in die Bybel staan en die verstaan daarvan. Hulle was die kerk. Die kerk moes hom skik na God se soewereiniteit soos dit uit die Bybel begryp is deur die gemeente en nie volgens die besluite van ’n paar belangrike figure wat namens die kerk praat nie. Die kerk was nie meer die despoot van die middeleeue nie. Die tweede verskil wat dit meegebring het, was dat die Koninkryk van die Hemel nou gesien is as meer en omvattender as die kerk. Die kerk het indiens gekom van die Koninkryk en was nie meer die Koninkryk en dus ’n doel op homself nie. Die derde verskil wat hier genoem moet word, is dat die Hervorming ’n duidelike onderskeid tussen die landsregering en die kerk ingebring het. Regerings was dankbaar dat die kerk nie die land wou regeer nie, maar het hard probeer om die kerk te regeer sodat hierdie beginsel van die Hervorming nie so maklik deurgewerk het nie.

Een van die beginsels wat sterk deur die Hervorming beklemtoon is, was dat die kerk altyd aan die hervormd is. Dit hou nooit op om self suiwerder kerk aan die hand van die Bybel te word nie. Dit bly vra na die wil en die gehoorsaamheid aan God. Hierdie beginsel verkry eers sy omvattende betekenis as ’n mens begryp waarvandaan die woorde gereformeerd en hervorm kom. Tydens die eeu wat die Hervorming vooraf gegaan het, is in die Nederlande van iemand wat tot bekering gekom het, gepraat dat hy *gereformeer* het en nou een van die *hervormde* mense is. Die bedoeling van die Hervorming was dat sowel lidmaat as kerk/gemeente nooit kan ophou ontwikkel in die

geloof nie. En tog het daar mettertyd 'n verstarring ingetree.

Die hoogtepunt van die Hervorming was die Sinode van Dordt in 1618-1619. Die gereformeerdes in Engeland, Switzerland, Frankryk, Duitsland en die Franssprekende gemeentes in Nederland was uitgenooi om saam met afgevaardigdes van die Nederlandse Kerk die saak van die uitverkiesing te besleg. Twee beskouings het bestaan. Die een groep het geglo dat 'n mens die vrye wil het om in Christus as jou Saligmaker te glo of nie te glo nie. Jou geloof is dan die deurslaggewende faktor in jou verhouding met God. Hulle is die Remonstrante of na hulle Nederlandse leier, Arminius die Arminiane genoem. Hulle was ook van oortuiging dat die landsregering kerksake moes regeer. Die ander groep, die kontra-remonstrante het geglo dat God deur middel van die uitverkiesing bepaal wie wedergebore word en wie nie. Die wedergeborenes vind hulle verlossing in Christus. Al beleef hulle dit as 'n wilsbesluit om tot bekering te kom, is bekering 'n noodwendige reaksie op wat God reeds in hulle gewerk het. Hulle oortuiging was dat die kerk nie deur 'n instansie buite die kerk – soos bv die landsregering - geregeer kan word nie. Omdat Christus self sy kerk regeer deur sy Woord en Gees, moet dit geskied deur middel van kerkmense in gehoorsaamheid aan die Skrif.

Die Franse koning het nie toegelaat dat die Franse Kerk 'n afvaardiging na die Sinode van Dordt stuur nie en van die Engelse afvaardiging was biskoppe wat meer simpatie met die Remonstrante gehad het en selfs gepleit het vir 'n biskoplike (of episkopaalse) stelsel van kerkregering. Die stryd is egter beslis ten gunste van die kontra-remonstrante en is verwoord in die Dordtse Leerreëls en die Kerkorde van Dordt. Die Dordtse Leerreëls ('n verklaring van art 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) is saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) en die Heidelbergse Kategismus (1563) aanvaar as die belydenisgrondslag van die gereformeerde kerk. Die Kerkorde van Dordt het die inrigtingsbasis geword van alle gereformeerde kerke. Die Sinode van Dordt het ongelukkig die monument van die Hervorming geword want die beweging het na 1619 sy momentum verloor. Die Nederlandse regering het nie toegelaat dat daar weer 'n nasionale sinode van die protestantse kerk gehou is nie totdat kerkomstandighede en regeringsvorm radikaal verander het na die Franse Revolusie in 1795.

In Nederland is pogings aangewend om die Hervorming weer aan die gang te kry. Bekendste hiervan is die sg Nadere Reformasie reeds in ongeveer 1636. Gisbertus Voetius wat as jong predikant die Sinode van 1618-1619 bygewoon het, wou die Hervorming verder voer deur die geloofsleer van die Hervorming in 'n praktiese lewenswyse te laat realiseer. Hy het van kleingroepe (konventikels) in die gemeente gebruik gemaak. Na sy dood in 1676 het die konventikels vir hulle lede die gemeente vervang en het dit uitgeloop op 'n dwepery. Pogings om nader te reformeer kom tot vandag toe nog voor, maar het nooit weer momentum gekry en 'n beweging geword soos die Hervorming nie. Ernstige aanhangers van die Hervorming is meer dikwels *die ortodoksie* genoem. Met ortodoksie word gesinspeel op 'n kerk waarvan die leer klaar ontwikkel het en by wyse van spreke in konkryt gegiet is, terwyl dit ook sy belang verloor het. Die saak is finaal afgehandel en is nie meer oop vir bespreking nie. Hierdie term kom vanuit 'n verwysing na die Grieks-Katolieke [1] of Oosters-Ortodokse Kerk waarin die leerinhoud van die geloof nie meer aandag kry nie, terwyl die saamwees en die belewenis van die saamwees die eerste prioriteit is. Dit is ironies dat die gereformeerdes [2] wat so fyn onderskei het in die geloofsleer en van die beginsel uitgegaan het dat reformasie nooit ophou nie met dié skeldnaam juis verwyt is dat hulle in konkryt gegote leer nie vir hulle belangrik is nie.

Teen die einde van die sewentiende eeu en vir die duur van die agtiende eeu was die gereformeerde leer sonder lewenskrag. Dit het tot 'n stilstand gekom omdat dit hoofsaaklik besig gebly het met die instemming en

[1] Die Oosters-Ortodokse Kerk het amptelik as afsonderlike kerk ontstaan in 1054 nC toe die Griekse gedeelte van die katolieke kerk van die Romeinse Ryk en die Latynse gedeelte daarvan formeel uiteen is. In die naam is ortodoks afgelei van die Griekse woord *doksa* in die sin van lofprysend. Die liturgie gaan vir hulle die leer vooraf.

[2] Die onderskeid tussen hervormdes en gereformeerdes het eers na die Afskeiding van 1834 in Nederland beslag gekry. Voor 1834 was die twee terme sinoniem.

aanvaarding van leerstellinge wat tydens die bloeitydperk van die Hervorming geformuleer is. In die Nederlande was dit die stryd tussen die Voetiane se verheerliking van die letter van die Skrif en die Coccejane se vergeesteling van die Ou Testament wat die aandag in beslag geneem het. Soos meermale die geval is, het die politiek ook hierin ’n woord meegespreek. Die volgelinge van Gisbertus Voetius (1589-1676) was prinsgesind en die volgelinge van Johannes Coccejus (1603-1669) was staatsgesind. Die stryd tussen die twee groepe het meer as ’n eeu lank geduur, is vanaf kansels aangeblaas en het niks bygedra om lewenskrag aan die protestantisme te gee nie. Die geloofslewe van die Metodisme en die piëtisme het ’n groter impak gemaak op gelowiges as wat die ortodokse protestantisme gehad het.

Die opkoms van die moderne rasionalisme en wetenskapsbekouing.

Dieselfde tyd as Voetius en Coccejus het ’n Fransman geleef wat die wêreld se manier van dink verander het. René Descartes of in Latynse vorm Renatus Cartesius (1596-1650) was ’n wiskundige wat sy wiskundemetode op die wysbegeerte van toepassing gemaak het. Soos in wiskunde begin kennis vir hom by ’n onweerlegbare stelling. Met logiese denke maak jy dan deur middel van deduksie afleidings om by ’n gevolgtrekking uit te kom. Die gevolgtrekking of resultaat is die enigste kennis waarvan jy seker kan wees. Hierdie denkproses het die maatstaf geword van die moderne wetenskap. Die wetenskaplikheid van enige saak word getoets aan die metode waarlangs tot die resultaat gekom is. As die metode nie die toets slaag nie, is die saak nie wetenskaplik nie.

Wysgerig moes Descartes ’n basisstelling vind wat nie betwyfel kan word nie. Sy antwoord was dat as hy aan alles twyfel hy net van een ding seker kan wees. Dit is dat hy twyfel. Om te kan twyfel, moet hy egter dink. En om te kan dink, moet hy bestaan. Sy gevolgtrekking is dat omdat hy dink, bestaan hy. Bekend is sy basiese stelling in Latyn: *cogito, ergo sum.* Daarmee het hy die menslike verstand of rede die bron van alle betroubare kennis gemaak en die logiese redenering tot die enigste wetenskaplike metode verhef. Descartes self het waarskynlik nie besef watter vuur hy aan die brand gesteek het nie. Nadat van sy volgelinge die konsekwensies van sy denke verder uitgewerk het, het hierdie denkwyse die westerse wêreld spoedig oorweldig en diep spore ook in die godsdiens, teologie en kerklike lewe getrap. Descartes is die vader van die rasionalisme waardeur die wetenskap geblom en die godsdiens pynlik gebloei het.

Die lewe wat in die middeleeue deur die kerk verkneg en deur die Hervorming aan die Bybel geketting was, kon nou deur die redelikheid bevry word. Die wetenskap het die potensiaal om alle probleme te hanteer en op te los. Die wêreld kan nie anders as om ’n beter plek te word nie. Die volmaakte was op hande. Daar het in die eerste helfte van die negentiende eeu ’n optimisme geheers wat net nie gedemp kon word nie. Charles Darwin (1809-1882) se oupa, Erasmus Darwin (1731-1802) het al die evolusie-gedagte verkondig in *The temple of nature.* Toe Charles in 1859 sy *On the origin of species by means of natural selection* laat verskyn, het die optimisme geen perke geken nie. Die wetenskap en die wetenskaplike beginsel van die evolusie het nie net die godsdiens verklaar nie, maar ook die oplossing gebied vir die behoeftes en tekortkominge van die samelewing. Die totale vryheid van die mens was insig.

Die wetenskap was die instrument waardeur hierdie utopia van vryheid vir die samelewing moes realiseer. Daarom was elke denker met die wetenskap besig en byna elke benadering tot die wetenskap se resultaat was dat die bestaan van God soos deur die Bybel verkondig in gedrang gekom het. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die positivisme van die Franse filosoof, Auguste Comte (1798-1857). Wetenskap was vir hom die eksperimentering, waarneming van die reëlmatighede en dan die vasstelling van die wette uit die gevolgtrekking waartoe gekom is. Comte het sy wetenskapsbeskouing gesien as die hoogtepunt van die evolusie van die wetenskap. Die primitiefste stadium van die mens (en die wetenskap) is die religieuse of teologiese. Dan word alles wat waargeneem of beleef word, verklaar aan die hand van die optrede van ’n god of gode. In die religieuse primitiwiteit is daar dan ook ’n ontwikkeling gewees vanaf die fetisme deur die veelgodedom tot by die

monoteïsme. Die tweede stadium vir die mens en die wetenskap is vir hom die metafisika. Tydens hierdie periode is begrippe afgelei soos oorsaak, natuur, krag, ens. en is verskynsels in terme daarvan verstaan en verklaar. Ten slotte het die positivisme aangebreek en probeer die wetenskap nie meer verklaar nie, maar net beskryf. 'n Wêreld vir die sintuie ontoeganklik kom nie meer ter sprake nie, bestaan nie en het dus ook geen invloed op verskynsels nie.[3]

Gee 'n mens vir Comte gelyk kan die God van die Bybel nie bestaan nie; kan die teologie as wetenskap nie beoefen word nie; en moet die godsdiens en die kerk ander funksies kry om nog enigsins sinvol te wees. Alles is immers in diens van die wetenskap. Stem jy met Descartes en sy volgelinge in, het die menslike verstand die laaste sê oor wat waar is. Wat bly dan oor van die God van die Bybel en van die Bybel? Is daar waarheid in die wonderwerke, die maagdelike geboorte en die opstanding van Christus? Is sonde, verlossing en vergifnis nog geldende begrippe? Dien teologie en kerk 'n doel? Die antwoorde is in die wetenskap gesoek.

Die invloed hiervan op kerk en teologie.

Na die Franse Revolusie (1795) en Napoleon se onderwerping van Nederland het die revolusionêre denke ook sterk ingang in die gereformeerde kerk gekry. Min weerstand is byvoorbeeld gebied teen die aanvaarding van die Algemene Reglement van 1816 waardeur die kerk in vorm 'n genootskap (dit wil sê 'n gewone menslike vereniging naas ander verenigings) geword en sy kerkorde van 1619 prysgegee het. Gedurende die 1830's het die stryd gewoed oor die ondertekening van die geloofsbelydenisse oor *omdat* of *vir sover* hulle in ooreenstemming met die Woord van God is. In 1834 het 'n deel van die Nederlandse Hervormde Kerk afgeskei en die begin gevorm van wat later die Nederlandse Gereformeerde Kerk geword het. Wat in die Hervormde Kerk oorgebly het, is beskrywe as "sat en sonder pit". Die rasionalisme het oorgeneem en *deug* het in die plek van *geloof* en *bekering* gekom.

Die sterkste verset teen hierdie toestand het gekom van 'n groepie kerklike regsgeleerdes onder die naam, Réveil met Groen van Prinsterer, I Da Costa, Capadose, W de Clerq en Heldering aan die leiding daarvan. Die eerste wat John en Andrew Murray na hulle aankoms in 1845 in Utrecht gedoen het, was om 'n byeenkoms by te woon wat deur dr Capadose toegespreek is.

Die Kweekskool te Stellenbosch het op 1 Augustus 1859 begin. Totdat dit gebeur het, het studente vir teologiese opleiding na Europa gegaan. Tussen 1800 en 1875 het 80 Kaapse teologiese studente in Nederland studeer. Van hulle is 62 na Utrecht, 17 na Leiden en 1 na Groningen. Van die 50 Kaapse studente in ander studierigtings is meer as die helfte na Leiden. Tussen die 18 predikante wat die kern van die liberale groep in Suid-Afrika gevorm het, is daar interessant genoeg 'n paar wat voor 1846 gelegitimeerd is, nl A Roux (1838), JWL Scholtz (1839), PN Ham (1844) en TJ van der Riet (1844). Die ander is tussen 1852 (1), 1858 (4), 1860 (6) en 1866 (1) gelegitimeer. En dan word mense soos PC Vintcent en DP Faure wat nie in die NG Kerk in die bediening was nie buite rekening gelaat.

Die ontstaan van die Moderne Rigting in Nederland.

1 Utrecht

Die Moderne Rigting[4] in die teologie het begin toe die Universiteit van Utrecht in 1846 vir mnr CW Opzoomer, toe net 24 jaar oud, aangestel het om 'n departement van wysbegeerte aan die universiteit te begin. Opzoomer was student in Leiden toe hy in openbare geskrifte teen Da Costa en prof van Oosterzee standpunt ingeneem het. Na aanleiding hiervan is die professoraat in Utrecht hom aangebied. *Hij ontplooide zich als wijsgeer, rechtsgeleerde, kunstenaar, letterkundige. Aan groote kennis paarde hij een fijnen smaak. Een innemend, indrukwekkend stem, schitterend redenaarsgaven, groote vriendelijkheid en een gezonde zin voor humor maakten hem als aangewezen leider der scharen studenten, die zijne gehoorzalen vulden.*[5] Vir Opzoomer het alle ontwikkeling gestaan in diens

[3] Die huidige indeling van die geskiedenis as premodern, modern en postmodern is 'n herformulering van Comte se indeling. Die wetenskap is deur die kommunikasietegnologie verdring as die klimaks van die evolusie.

[4] Dit is die benaming waaronder hierdie bepaalde liberale beweging in die kerk geken is.

[5] Brouwer, AM: *De Moderne Richting*, sd, bl 16.

van die opheffing van die samelewing. By geleentheid het hy die sake wat die samelewing bedreig, beskryf as die kerklike onverdraagsaamheid, politieke heersug en die onkunde en wilde opgewondenheid van die demokrasie. Die enigste wapen daarteenoor is die verligting van die volk. Die optimisme van die tyd is duidelik wanneer hy skryf: *Maakt het volk wijs, en leert het de gevolgen zijne daden kennen, en voor het eerst maar ook voor goed, hebt gij het bandeloos geweld gebonden, en de volmaking der menschheid op de baan van orde en vrede geleid.*[6] Verligting is die enigste wapen waarmee die volk teen homself en teen die regering versterk kan word. Daarom kon hy baie optimisties verklaar dat wat dit die staat ekstra aan onderwys kos dit die staat minder aan tronke sal kos.

Opzoomer het by die panenteïsme van KCF Krause (1781-1832) aangesluit waarin God verstaan word as die alomvattende bewussyn van alles en almal. Hy word nie soos by die panteïsme die somtotaal van die hele skepping nie, maar die "verstand" van alles. Vir Opzoomer beteken dit dat wat in die natuur gebeur noodwendig uitdrukking aan God gee. Daarom is daar nie ruimte vir ingrype van God in die natuur nie, nie plek vir wonderwerke nie en gebedsverhoring druis in teen God se wese en natuur. In plaas daarvan dat die kerk die mense opvoed om verstandelik vrede te kry met hulleself deur te verstaan dat hulle denke deel van God se verstandelike openbaring in die natuur is, verkneg die kerk sy lidmate met 'n sondebesef, onmoontlike wonderwerke soos die maagdelike geboorte en opstanding van Christus uit die dood, verlossing en ingrype van God in die skepping.

In Utrecht het Opzoomer bevriend geraak met die oogkundige, FC Donders waardeur hy onder die indruk gekom het van die wetenskapsmetode in die natuurkunde: alles berus op eksperimente en waarneming wat dan tot ervaring lei. Twee jaar na sy aanstelling het sy wysbegeerte van die ervaring na vore gekom. Hierin erken hy vyf bronne van kennis in die mens, nl die sintuiglike waarneming, die gevoel van bevrediging en onbevrediging, die gevoel van skoonheid (aestetika), die gevoel van sedelikheid (etiek) en die godsdienstige gevoel. Uit die eerste vier bronne vloei die harmonieuse wêreldbeskouing of die ware wysbegeerte voort. Dit bring hom dan weer by dieselfde beskouing waarin daar nie plek vir wonderwerke en gebedsverhoring is nie.

Die evolusie van die geskiedenis het volgens hom die godsdiens uitgewys as 'n menslike gevoel waarmee 'n mens jouself verbeter, jou in harmonie met die natuur en die god in die natuur bring. Dit moet egter gebou wees op die resultate (of ervarings) van die wetenskap. Daarom is die wetenskap die bron van die kwaliteit van jou menswees en die oplossing vir alle ontwikkelingsprobleme. En omdat die wetenskap nou werklik deurgebreek het, lyk die toekoms rooskleurig. Die massas moet net leer om uit hulle onkunde (die dinge wat tradisioneel deur die kerk sonde genoem is) te ontwikkel sodat hulle beskaafd, ingelig en verantwoordelik deugsaam kan lewe. Daarop moet alle opvoeding, onderwys, etiek en godsdiens gerig wees.

Opzoomer se denke het rondom 1860 baie veld gewen deur die verbreiding daarvan deur een van sy studente en latere kollega, Allard Pierson. Mettertyd het hulle paaie egter geskei omdat Pierson te veel waardering gehad het vir die denke van die supranaturaliste wat vir Opzoomer gebots het met sy ervaringswysbegeerte. Die naturaliste was destyd die teologiese rigting wat geoordeel het dat daar net kennis verkry kan word uit sake wat binne die natuurlike veld van waarneming val. Opzoomer se ervaringswysbegeerte het hiervoor gekwalifiseer. Die supranaturaliste het dieselfde benadering gehad, maar geoordeel dat daar ruimte gelaat moet word vir 'n bonatuurlike wêreld wat nie met die sintuie geken kan word nie. Die skeiding tussen Opzoomer en Pierson was tiperend van die Moderne Rigting uit Utrecht. In die fynere uitwerking van hulle standpunte was daar groot verskille tussen die verskillende aanhangers van die nuwe teologie.

Opzoomer se trefkrag het nie berus by die inhoud van sy wysbegeerte nie, maar by sy persoonlikheid, die oorredingskrag waarmee hy dit voorgedra het, die gesonde verstand wat hy aan die dag gelê het en die fris bries wat hy was

[6] Dieselfde werk, bl 17 en 18

in die dorre akademiese wêreld van die Utrechtse universiteit. Die Moderne Rigting was vir vyftig jaar of meer lewenskragtig en is deur baie denkendes nagevolg, maar het deurgaans op sy beste 'n baie losse eenheid met groot onderlinge verskille en dikwelse verskuiwinge van standpunte behels. Die eenstemmigheid in die Rigting was dat

- geloof aan wonderwerke bygeloof is;
- die Bybelse beskouing oor God die uitdrukking van 'n meer primitiewe fase van menslike ontwikkeling is;
- godsdiens 'n rol te vervul het in die selfontwikkeling van die beoefenaar daarvan;
- die Christelike godsdiens die hoogste vorm in die godsdienstige ontwikkeling is;
- die wetenskap die finale antwoord is in die ontwikkeling van die mens en die samelewing; en
- die kerk in sy toenmalige gestalte 'n remskoen vir hierdie ontwikkeling is.

Die Suid-Afrikaanse teologiese studente wat gedurende hierdie bloeitydperk van die Moderne Rigting in Utrecht studeer het, het dit beleef dat die Nederlandse Hervormde Kerk vir hulle niks te bied het nie. Die kerk was pap en sonder pit. Hulle het die universiteit self as 'n gevaar vir hulle geloofsopvattings ervaar. Die uitkoms was vir hulle in 'n studentevereniging, *Sechor Dabar*.[7] Hierdie vereniging het nou aansluiting gevind by die Réveil en soos laasgenoemde die leer op die agtergrond geskuif in 'n strewe na persoonlike vroomheid. *Hierin kom ook die gees van hulle tyd tot uiting: die waarde van die dogma word geringskat en die geloofslewe gerangeer op die gevaarlike sy-spoor van die subjektivisme, wat sedert die tyd van Schleiermacher magteloos geblyk het teenoor die liberalisme, selfs wegbereidend daarvoor gewerk het.* [8] Die praktiese dienslewering en sendinggedeelte van Sechor Dabar, *Eltheto* met sy nuusbrief, *Elpis* het in 1846 onder leiding van die Suid-Afrikaners in Utrecht, met name John Murray, ontstaan. Later in hulle bediening in Suid-Afrika het hierdie daadwerklike benadering tot die godsdiens deurgaans na vore gekom.

Die predikante wat uit hierdie skool gekom het, was John en Andrew Murray (1845 in Utrecht begin studeer), JH Neethling Hz (1846), NJ Hofmeyr en HE Faure (1847), AA Louw, William Murray en Servaas Hofmeyr (1849). Hulle het standpunt ingeneem teen die Moderne Rigting. Van die studente wat later na Utrecht gekom het, het 'n hele aantal nooit by die bediening uitgekom nie. Onder hulle tel JH Beck, PC Keytel, PJS du Toit, PJ Borcherds, HH Wicht, MC Ackermann, FM Hitzeroth, SJ Meintjes en WR Thompson. Sommige van die SA studente wat aanvanklik by Sechor Dabar ingetrek was, het later ontuis geword soos TF Burgers, CT Muller en JHD de Villiers wat al drie in 1857 uit Eltheto bedank het. JJ Kotzé (later leraar van Darling) is in 1855 vanaf Utrecht na Leiden. Die kommentaar van ds JF van Hoogstraaten hierop aan ds JH Neethling Hz was *Cotzé, zult gij weten, is naar Leyden, waar hij meer voordeel voor zijnen geest vindt.*[9] Van SP Naudé, latere leraar van Queenstown skryf hy *een allerliefst, beste jongen, vrolijk, vriendelijk, eenvoudig, met alles tevreden, en levende voor de studie.*

Die Sinode van 1857 het op voorstel van ds Andrew Murray jr besluit om op 'n manier toesig te bewerk oor die teologiese studente in Europa. In Utrecht het hulle met die studenteleraar, ds G Barger in verbinding getree. Sy reaksie was dat dit baie noodsaaklik is, maar nie so maklik uitvoerbaar nie. Hy meld dat die Suid-Afrikaners duidelik in twee groepe verdeel is wat 'n konkrete afstand tussen die groepe handhaaf vanwee lewenstyl, verdeeldheid en tweedrag. Hy oordeel dat daar *een onzettende verschil tusschen den geest der vorige generatie van Kapenaren en der teenwoordige*[10] is. In sy kommentaar op 30 November 1858 deel hy die Suid-Afrikaners in drie groepe. Die eerste groep bevat sewe name, die tweede groep bestaan uit ses en die derde groep vermeld hy glad nie die name nie. Die eerste sewe het later onder die behoudende predikante getel. Barger verwys na hulle as *allen voortreffelijke jongelieden* en verbind die volgende ses, HH Scholtz, de Vries,

[7] Onthou die Woord.
[8] Hanekom, TN: *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika* (1951), bl 297-8.
[9] Hanekom, TN aw, bl 298
[10] Hanekom, TN: aw, bl 281.

HCV Leibbrand, Meintjies, Mulder en Marais met *en daarbij*. Hierdie ses het hulle in die bediening aan die kant van die liberales geskaar. In sy skrywe meld hy dus ’n groep van sewe en ’n groep van ses wat almal voortreflike jongmense is. En dan is daar ’n derde groep wie se name hy geheel verswyg. Hulle is volgens hom minder gunstig bekend op die kampus en by die mense by wie hulle tuisgaan. In Leiden is ’n ds Krabbe genader om toesig te hou oor die Kaapse studente.[11]

2. Leiden

Die ander been van die Moderne Rigting was prof JH Scholten van Leiden. Dit was die ingenomendheid met sy standpunte wat vir JJ Kotzé van Utrecht getrek het. Scholten was ’n bietjie ouer as Opzoomer. Hy is in 1811 gebore, het in ’n behoudende huis groot geword en was aanvanklik Bybelgelowige teoloog wat in 1840 professor te Franeker geword het. Daarna is hy na Leiden waar hy teenoor Opzoomer opgetree het en al meer onder die indruk van die wysbegeerte as bron van die ware kennis gekom het. Dit het hom tot Albert Schweizer se werk oor die geloofsleer van die evangelies-gereformeerde kerk (1844)[12] aangetrek waaroor hy ’n reeks lesings gegee het. Scholten se lesings het gehandel oor die Nederlandse Geloofsbelydenis en oor die beginsels van die Leer van die Hervormde Kerk. Schweizer, in navolging van die Duitse teoloog, Schleiermacher vereenselwig God en wêreld en beskou daarom die wil van die mens in alles gebonde.

In hierdie lesings het Scholten die Réveil aangeval op die grond dat hulle pogings in stryd is met die leer van die kerk en daarom net so min regsinnig is as die beskouinge waarteen hulle dit het. Die metode waarvan hy gebruik gemaak het, is dat hy die algemene beginsel van die leer uitlig en as basis neem en dan daaruit gevolgtrekkings maak. Hy het dus nie die beginsels ondersoek of bevraagteken nie, maar op rasionalistiese manier deduktief geredeneer. Die grondbeginsel van die gereformeerde leer is vir hom soos vir Calvyn die soewereiniteit van God. Hy kom egter anders as Calvyn tot rasionalistiese gevolgtrekkings. God beheer, bestuur en beskik alles. Daarom is die menslike wil volstrek gebind, gedetermineerd. Dr Abraham Kuyper, seker die bekendste van Scholten se studente, het die beginsel van die soewereiniteit van God gereformeerd uitgewerk.

Scholten het hoe verder hoe meer lig by die wysbegeerte opgesteek. Onder invloed van die Duitsers, FC Bauer (1792-1860) en DF Strauss (1808-1874) het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die Evangelie volgens Johannes die resultaat van ’n latere ontwikkeling tydens die tweede helfte van die tweede eeu was en toe aan Johannes toegeskryf is. Die teorie waarop hierdie oortuiging staan, is dat daar oorspronklik ’n tradisie vanuit Joodse oogpunt oor die Messias was wat op Jesus van toepassing gemaak is. Dit word die Petriniese rigting genoem. Toe ontstaan die meer universele tradisie vanuit die Grieks-heidense gelowiges wat die Pauliniese tradisie genoem word. Na ’n honderd jaar of meer se ontwikkeling van die Christendom het die Katolieke leer oor Christus ontstaan wat dan in die vierde Evangeliebeskrywing die Godheid van Christus konstateer.[13] In wysgerige raamwerk is die Petriniese die tesis, die Pauliniese die antitese en die Katolieke die sintese. Vir Scholten word die geloof in Christus as die Seun van God in die sin dat Hy God is die siening uit ’n bepaalde fase van ontwikkeling in die Christendom. Met die nuwe wetenskap en nuwe wysbegeerte is by hierdie stadium verby beweeg.

In die voorrede tot *Het Evangelie naar Johannes* (Leiden. 1864) skryf Scholten *Onder hetgeen onzen leeftijd op wetenschappelijk gebied kenmerkt moet in de eerste plaats het streven naar werkelijkheid genoemd worden. De tijd der abstracte theorieën is voorbij. Het ideale is niet, gelijk vroeger onder de heerschappij eener dualistische wereldbeschouwing algemeen geloofd werd, aan gene zijde van – boven – of buiten – de werkelijkheid gelegen, spiegelt zich in tegendeel in het feitelijke af, zooals dit door nauwkeurige waarneming en daarop gebouwd nadenken tot onze kennis komt.* Vir hom is

[11] *Handelingen Sinode 1862*, bl 32.

[12] Dit was die eerste keer in honderd jaar dat daar ’n boek oor die gereformeerde leer verskyn het.

[13] In die gesprek oor die opstanding van Christus na die Algemene Sinode van 2007 was die onderskeid tussen die Joodse Messias en die Hellenistiese godeseun ook die oplossing wat ’n artikel in die Kerkbode aangebied het.

hierdie standpunt nie die formulering van nog ’n abstrakte teorie nie, maar die konstatering van die finale waarheidsopvatting. Die wetenskap het die laaste antwoord! En die metodiek van die wetenskap is om krities te wees. Al sou kritiek soms oppervlakkig en dus onvoldoende wees, *dit neemt niet weg, dat de kritische metode de alleen ware is, en dat de kritiek regt heeft om elke aprioristische, hetzij supranaturalistische of speculatieve theorie te verstoren, zoodra zij blijkt met de langs empirischen weg geconstateerde werkelijkheid in strijd te zijn.*

Prof Abraham Kuenen (1828-1891), briljante student en kollega van Scholten het met sy *Historisch-kritisch onderzoek naar het ontstaan en de verzameling der boeken des Ouden Verbonds (1861-1865)* ’n deurslaggewende bydrae tot die verstaan van die Ou Testament gelewer, maar met die evolusionistiese standpunt wat hy deurgaans daarin handhaaf, is hy saam met Opzoomer en Scholten as stigter van die Moderne Rigting beskou. In Leiden was Scholten en Kuenen die vlagdraers van die nuwe teologie. Hulle het aan ’n Godsbegrip vasgehou omdat dit volgens Scholten ’n aangebore waarheid in die rede (of verstand) van die mens is waarmee die wetenskap rekening moes hou. In die wetenskap en wetenskapsmetodiek wat vir hom die waarheid verantwoord, was daar egter nie stawende bewyse of noodsaak vir hierdie aanname nie.

In vergelyking het Opzoomer by die positiviste aansluiting gevind, maar in waardering van die godsdiens van hulle verskil. Scholten aan die ander kant spring weg by die spekulatiewe rasionalisme vir wie die rede (verstandelike proses) die enigste bron van waarheid is. Sy algemene beginsel is die soewereiniteit van God. Daaruit maak hy rasionalisties die gevolgtrekkings dat

- die mens geen vrye wil het nie;
- daar nie plek vir wonders is nie;
- niks van bo of buite die natuurlike werklikheid ingegee word nie; en
- geen gebedsverhoring moontlik is nie.

Hoewel dus op verskillende gronde en langs verskillende weë kom Opzoomer en Scholten by dieselfde resultaat: godsdiens speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van (die geskiedenis van) die mens; in die godsdiensontwikkeling is die Christendom die hoogste ontwikkeling; die Bybel is die weergawe van mense se belewenis van hulle godsdiens; Christus was ’n besonder begaafde mens; God gryp nie in die loop van sake in nie en dus is daar nie sprake van wonders nie; die wetenskap en gepaardgaande wysbegeerte is die manier waarop tot die waarheid gekom word en die kritiese metode waarmee alle aansprake op waarheid getoets moet word. Uiteindelik is ’n mens se toewyding in godsdiens ’n persoonlike saak waarmee jy jou eie menswees help ontwikkel tot ’n verligte en opgevoede mens wat op humanistiese wyse ’n positiewe bydrae tot die samelewing kan maak.

Leiden het by die Kapenaars ’n sleg naam gehad weens die gedrag van die (teologiese) studente aan die universiteit. John Murray en JH Neethling Hz het as studente tydens reise in Europa die universiteit besoek en kon nie nalaat om hulle afkeer aan die teologiese studente se gedrag te boekstaaf nie. Dr William Robertson is in 1860 deur die Christelike Konferensie op Worcester na Europa gestuur om predikante en onderwysers vir Suid-Afrika te werf. Na sy besoeke aan Leiden en Utrecht en verslag daaroor[14] is hy na Skotland waar hy die meeste van sy werfwerk gedoen het. Die kandidate wat hy in Nederland kon werf, was nie bereid om die Formuliere van Eenheid te onderteken nie. Na 1861 het slegs twee Kapenaars teologie aan Leiden studeer, nl PC Vintcent en DP Faure. Nie een van hulle twee het predikant in die NG Kerk geword nie.

DP Faure, die produk van die nuwe teologie

Die oprigting van die Teologiese Seminarium (Kweekskool) op Stellenbosch op 1 Augustus 1859 het baie daarmee te doen dat daar sederdien minder Suid-Afrikaanse teologiese studente na die Nederlande is vir opleiding. DP Faure is in 1861 na Leiden. In sy outobiografie meld hy dat daar geen bepaalde rede was waarom hy na Leiden is nie. *For many years past all the Cape ministers had been trained at Utrecht, which was conservative, or in Edinburgh, wich was sound in doctrine. Yet I went to Leiden, not attracted*

[14] *Kerkbode*, 29 Desember 1860 en *Handelingen der tiende vergadering van de synode der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika 1862*, bl 85.

by its Liberalism, for at that time we knew nothing about doctrinal differances. At home I had received the ordinary orthodox religious education.[15]

Teen die tyd dat hy met sy teologiese opleiding moes begin, het die invloed van die liberale tendens in die teologie en die samelewing al diep spore aan die Kaap getrap. Sy geliefde skoolhoof, wat hom gratis laat skoolgaan het en hom die laaste drie jaar daarvan as 'n soort junior leerkrag benut het, dr ANE Changion het in Leiden studeer. Dr Changion was redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, 'n gematigde liberale koerant aan die Kaap en een van die felste teenstanders van die oprigting van die Kweekskool. In sy proefskrif demonstreer wyle prof TN Hanekom uitvoerig watter omvangryke invloed die liberale rigting toe reeds in die Kaapse kerklike en kulturele lewe gehad het.[16] Faure kon dit sekerlik op daardie stadium nog nie insien nie, maar die keuse vir Leiden was nie toevallig nie. 'n Jaar later het PC Vintcent by hom aangesluit.

Faure het dikwels tyd aan huis van sy dosente deurgebring en na sy terugkeer na SA in korrespondensie gebly met proff Scholten, Keunen, Rauwenhoff en Van Hengel. Van sy aangenaamste tye op universiteit noem hy die *many happy hours passed in the family circle of Professor Scholten, whose cheerful wife and two highly intelligent and charming daughters, were so irresistible, and made me feel so at home, that I fear that my visits were often unduly protracted.* [17] Hy beskryf hoe sy sienings verander het: *one by one I found (them) to be untenable, indefensible, founded on unreliable tradition, contrary to fact, baseless and untrue.* Terug in die Kaap in 1865 het hy geweet dat die Colloquium Doctum (toelatingseksamen) wat intussen deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingestel is – juis om predikante van die nuwe teologie uit die kerk te weer – vir hom 'n struikelblok sou wees. Die Sinode van 1862 se opdrag aan die eksamenkommissie was dat by die Colloquium Doctum veral ondersoek gedoen moet word na die kandidaat se gevoelens oor die wedergeboorte deur die Heilige Gees, die persoonlike ervaring van God se genade en die gehegdheid aan die leer van die Kerk.[18] Die paar keer dat predikante Faure gevra het om dienste te lei, was vir hom onaangename ervarings vanweë die reaksie van die kerkrade of gemeentelede sodat hy nie vir die toelatingseksamen aangemeld het nie. Saam met PC Vintcent het hy op toer gegaan waartydens hulle 'n hele aantal gemeentes besoek het.

Op Beaufort-Wes het ds Fraser nie een van hulle gevra om te preek nie, terwyl hyself elders moes optree. In Victoria-Wes het ds Leibbrandt hom laat preek. In Hanover het ds Burgers beide laat optree en toe verder saam met hulle 'n deel van die toer meegemaak. In Graaff-Reinet het ds Carles Murray vir Vintcent, volgens Faure *the least of the three evils*, gevra om 'n Sondagmiddagdiens waar te neem.

Terug in die Kaap het Faure 'n reeks lesings gehou oor die menslike rede, die Ou Testament, die Nuwe Testament, wonderwerke (2), Jesus Christus, die mens, verlossing, ewige straf, profete en profesieë, die vierde Evangelie, en Christus of nie? *All the seats in the large Hall were occupied, and of course, the audience consisted of the most intellectual section of the community, and this continued to be the case throughout the series and thereafter.*[19] Dit het gelei tot die stigting van die Vrye Protestantse Kerk in Kaapstad. Di Kotzé van Darling, Burgers van Hanover en Naudé van Queenstown het by verskeie geleenthede in die saal van die Mutual Assuransie Maatskappy dienste vir Faure waargeneem. Tot in die 1870's het Faure ook gereeld "dienste" in Stellenbosch gehou in Pleinstraat aan huis van mej Agatha de Villiers, deur die dorpsmense *Hannie Rooibekkie* genoem omdat sy oordadig gegrimeer het. Vintcent het na sy finale terugkeer uit Leiden 'n Vrye Protestantse Kerk in Graaff-Reinet gestig.

Faure se kerk is nie unitaries genoem nie omdat daar volgens hom te veel kerke was met dié naam wat net die leer van die drie-eenheid verwerp het, maar andersins volledig by die belydenisskrifte gebly het. Vir hom was die belydenisskrifte 'n struikelblok in die ontwikkeling van die beskawing. Die enigste

[15] *My Life and Times*, (1907), bl 21.
[16] *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika* (1951), bl 191 ev
[17] Faure, DP: *My Life and Times*, bl 24.
[18] *Handelingen 1862*, bl 60.
[19] Faure, DP: *My Life and times*, bl 36.

vereiste om lid van die VPK in Kaapstad te word, was ’n positiewe antwoord op die vraag: *Do you belief that true Religion consists in Love to God and Love to Man, and is it your earnest desire to practise this religion in your daily life?* Hieroor het sy ou raadgewer, prof Rauwenhoff opgemerk dat hy vir so lank moontlik nie nader aan ’n formele geloofsbelydenis moet kom as hierdie vraag nie. Hy keur ook goed dat Faure die doop in die kerk behou het ter wille van die indruk wat dit skep, die onderlinge gemeenskap wat daardeur bevorder word en omdat dit die aandag vestig op die waarde van Christelike opvoeding. Hy beveel egter ook aan dat Faure dalk een keer per jaar – miskien op Goeie Vrydag – die nagmaal bedien omdat hy waarskynlik *some of inferior culture* in die gemeente het. Die voorveronderstelling is duidelik: die ontwikkelde christen het die behoefte aan primitiewe godsdienstige tekens soos die sakramente ontgroei en iets soos ’n geloofsbelydenis mag om praktiese redes noodsaaklik word, maar het in die evolusionêre ontwikkeling van die menslike gees ’n beperkende aandeel.

In die plaaslike pers was Faure baie bedrywig en het hy baie aandag gekry. Teenoor die stelling dat die Bybelskrywers deur God geïnspireer is, antwoord hy *we do not and cannot believe it, because most immoral doctrines are also contained in that Book, stories which are calculated to corrupt the morals of our children, and descriptions of the Divine character most degrading and pernicious.*[20] Sy argumente berus daarop dat Abraham, ’n vriend van God, leuens vertel het; dat Jakob, ook een van God se gunstelinge, ’n berugte onderkruiper was; dat Dawid, ’n man na Gods hart, ’n wrede roofbendeleier, ’n moordenaar en owerspeler was; en dat Moses op God se bevel aan die farao ’n voorbedagte leuen vertel het. Hy vra of sy opponent bereid is om Genesis 19 en 38 en Esegiel 23 aan sy familie of gemeente voor te lees. Hierdie argumente is dalk stewig wanneer ’n mens nie jou sonde en die genade in Christus in die Bybel erken nie.

Faure het aansoek gedoen, is goedgekeur en in 1869 ingelyf by die vrymesselaarslosie, De Goede Hoop. Die vrymesselaars *had the reputation of being a brotherhood which ignored dogmatic differences, and which, while acknowledging and requiring belief in a Great Arhitect of the Universe, yet left its members free to form their own conceptions of the nature of that Being, of the relationship between that Being and mankind, and of His mode of operation – an Order which recognized the common bond of humanity which connects and equals all races, all creeds, all individuals.*[21] In die organisasie het hy so vinnig gevorder as wat toelaatbaar was. Na 1881 het hy *Deputy Grand Master for South Africa* geword. Die vereistes wat hierdie organisasie stel ten opsigte van godsdiens het die nuwe teologie, waarvoor Faure hom beywer het, soos ’n handskoen gepas.

’n Laaste opmerking oor Faure is dat hy hom vir ’n tyd lank in die spiritisme verdiep het. Sy bedoeling met die weeklikse bywoning van séances was om vas te stel of die geeste wat by oproeping “verskyn” werklik die geeste is van mense wat gelewe het. Indien hy bewyse kon kry wat hierdie aanspraak bevestig *the immortality of the human soul would take its place among the estabilied truths and indisputable facts.*[22] Indien die onsterflikheid van die siel in die veld van die wetenskap as feit aanvaar word, is dit vir hom ook godsdienstig aanvaarbaar.

Sy eksperimente het egter op niks uitgeloop nie omdat hy nie genoeg tyd daaraan kon bestee nie; omdat twee van sy tafelgenote - sonder sy wete – nie ’n oop gemoed gehad het nie en hulle verset het teen enige verskynings; en omdat die gehalte van die mediums maar power was! Die belangrike is om die gedagtegang van die Moderne Rigting hierin te onderskei: slegs dit wat wetenskaplik aanvaarbaar is, is geloofwaardig. Baie wat vandag as postmodernisties getipeer word, hoort na regte steeds in die gedagtegang van die liberale denke van die negentiende eeu. Die teorieë het verander en die resultate van die wetenskap het dalk aansien verloor, maar as die opstanding van Christus verklaar word in terme van onvernietigbare energie is dit maar nog dieselfde denke.[23]

[20] Dieselfde, bl 45.

[21] Dieselfde, bl 115.

[22] Dieselfde, bl 124-125

[23] Du Toit, BJ: *God? Geloof in ’n postmoderne tyd* (2000), bl 152

Die Moderne Rigting wat sy hoogtepunt rondom 1860 bereik het se vergroeisels het diep in die Suid-Afrikaanse samelewing ingebed. Faure en Vintcent is uit die NG Kerk uit, maar het in wye kringe beïnvloed. JJ Kotzé (van Darling), TF Burgers (van Hanover en later president van die ZAR), HCV Leibbrand (van Victoria-Wes en later staatsargivaris) en SP Naudé (van Queenstown) het vir 'n tyd lank in die bediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebly. Die hofsaak oor die grense van die NG Kerk – en daarmee die wettigheid van die sinode omdat afgevaardigdes van buite die Kaapkolonie sitting gehad het - deur oudl HH Loedolff van Malmesbury in 1862 was in die teken van die liberale stryd. Die kwessies rondom die vrywillige beginsel en die vrye verkiesing het in dieselfde teken gestaan.[24] In die Anglikaanse Kerk was dit dieselfde liberale denke rondom die saak van biskop Colenso wat gelei het tot twee Anglikaanse kerke in SA.

Die stryd in die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die Sinodevergadering van 1862 was die groot konfrontasie tussen die voorstanders van die gereformeerde leer en die verteenwoordigers van die nuwe teologie. Ds Andrew Murray jr het beskrywingspunte ingedien oor die opwekking en die vrugte daarvan, die inkleding van die vergadering om daarby aan te sluit en *De Synode geve eene duidelijke getuienis dat zij de wedergeboorte en de persoonlijke ondervinding van Gods genade als het hoofvereischte beschouwt van den Evangeliedienaar.*[25] Naudé het beskrywingspunte ingestuur wat daarop gesinspeel het dat dr Servaas Hofmeyr van Montaqu die perke oorskry het en die Kerkraad van Burgersdorp teen Naudé gewaarsku het toe hy – toe nog predikant van Colesberg - as konsulent van die gemeente 'n beroepsvergadering gelei het. Die Kerkraad van Montaqu wou dat die sinode 'n verklaring van Naudé eis oor 'n stelling wat hy in Graaff-Reinet gemaak het en wat toe in *De Kerkbode* berig is, nl *Met blijdschap heb ik bespeurt dat velen onder u strevende zijn naar een zelfstandig Christendom, naar een zelfstandige overtuiging in zake der Godsdienst, dat zij niet meer het hoofd buigen of eigen oordeel gevangen geven onder de orakelspreuken van hunne vaderen.*[26] 'n Hele aantal versoekskrifte en beskrywingspunte van kerkrade het gevra na die handhawing van die leer, die uitleg en *verdediging* van die Heidelbergse Kategismus, die voorlesing van die Tien Gebooie en die volledige liturgiese formuliere tydens eredienste en dat slegs leraars wat aan die leer van die Kerk gebind is op kansels toegelaat mag word.

Dit was duidelik dat dit 'n onstuimige sinodevergadering kon wees nog voordat ouderling HH Loedolff van Swartland, soos tydens die vorige sinodevergadering, beswaar gemaak het teen die sittingsreg van afgevaardigdes buite die grense van die Kaapkolonie op grond van Ordonnansie No 7 van 1843.[27] Die voorstanders van die nuwe teologie het nie beskeidenheid aan die dag gelê nie. Voortvarend en welsprekend met 'n eie agenda het dit hulle nie lank geneem om die vergaderinng te frustreeer nie. Die vergadering het plaasgevind in die Kaapstadse kerkgebou wat nie die ideale vergaderplek was nie, maar al wat die kerkraad kon kry. Tydens die eerste sitting het ds Kotzé voorgestel dat 'n kommissie aangewys word om na 'n meer doeltreffende lokaal te soek. Die volgende dag het hy voorgestel dat die voorsitter nie die vergadering adviseer nie en toe ook nog dat 'n lid net buite stemming kan bly indien hy sy gewetensbesware teen die bepaalde saak verklaar. Die volgende dag dat die vergadering nie aan die lede 'n bepaalde kleredrag voorskryf nie. Die sinode het besluit om elke Maandagaand 'n sinodale biduur en elke Woensdagoggend 'n broederlike onderhoud oor die opwekking en die bediening te hou. Die volgende dag is 'n voorstel dat die biduur nie verpligtend is vir die lede wat daarteen gestem het nie afgestem. Kotzé het laat aanteken dat hy in die minderheid gestem het en nog later dat hy nie in die vergadering was toe die oorspronklike besluit geneem is nie. Op Naudé se vraag in 'n beskrywingspunt oor in watter mate die kerkraad in die Nederduitse Gereformeerde Kerk die predikant beroep (gesinspeel op dr Servaas Hofmeyr), was Kotzé

[24] Hanekom, TN: *Die liberale rigting in SA*, bl 308 – 414 gee 'n volledige beskrywing hiervan.
[25] *Handelingen 1862, II.13-15.*
[26] Dieselfde, V.14.
[27] Van der Watt, PB: *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*, (1973) behandel die aangeleentheid volledig.

se sarkastiese voorstel in die vergadering: *Wanneer er geen onbetamelijke invloed worde aangewend, dan geschiedt het beroep door den gecombineerden Kerkeraad.*[28]

Die kwessie van ds Naudé se opmerking in Graaff-Reinet het ter sprake gekom deurdat ds JH Neethling Hz van Stellenbosch aangespreek is oor die brief wat hy destyds daaroor in *De Kerkbode* laat plaas het. Die sinode het Kotzé en Leibbrandt (van Victoria-Wes) se amendament dat die vergadering sy afkeur in Neethling se optrede uitspreek, met 68 stemme uit 86 verwerp en geoordeel dat Neethling in moeilike omstandighede getrou gehandel het. Naudé het tydens die vergadering volstrek geweier om sy opmerking te verduidelik waarop besluit is dat Naudé self die twyfel oor sy regsinnigheid versterk. Weereens het Kotzé 'n protes teen die besluit van die vergadering laat aanteken. Toe die vrye verkiesing ter sprake kom, het Kotzé in 'n lang toespraak motiveer dat die beginsel reeds vanaf die apostoliese tyd kom en sydelings gedreig dat die regering dit op die Kerk kan afdwing indien die sinode nie ten gunste daarvan besluit nie. Die grond vir laasgenoemde stelling was 'n voorstel deur PE de Roubaix wat in 1861 in die wetgewende vergadering aangeneem is dat gemeentelede die reg het om kerkraadslede te verkies en predikante te beroep. Die goewerneur het egter nie die wetgewing bekragtig nie.

Kotzé, Burgers en Naudé het op 10 November laat aanteken dat hulle nie in die vergadering was toe die besluit oor die Colloquium Doctum geneem is nie en protes teen die besluit aangeteken. Die volgende dag het Kotzé hulle protes voorgelees. Lede van die vergadering, waaronder 'n simpatieke dr Heyns (van Kaapstad) het geoordeel dat die protes uitdrukkinge bevat wat beledigend teenoor die vergadering is. Die protes is van die hand gewys waarop hulle kennis gegee het van 'n protes op die besluit van die vergadering. Toe ds Andrew Murray 'n voorstel indien waarin 'n beroep gedoen word op die professore, predikante en studente om erns te maak met hulle toewyding het Kotzé en Burgers daarteen gepraat omdat almal weet dat die wedergeboorte en ervaring van God se genade die hoofsaak vir elke leaar moet wees. Toe Murray se voorstel aanvaar word, het Kotzé weereens kennis gegee van protes.

Dit moes nou reeds by die leser deurgeskemer het dat Burgers, Kotzé en Naudé dikwels nie in die vergadering was nie. In van die eerste sittings het verskeie ouderlinge beswaar gemaak teen die lede van die vergadering wat nie die sittings stiptelik bywoon nie. Aanvanklik is sake uitgestel as die voorsteller op daardie oomblik nie ter vergadering was nie. Op 18 November het 'n voorstel van Burgers ter tafel gekom terwyl hy sonder verlof afwesig was waarop die vergadering besluit het om in dergelike gevalle nie meer die aangeleentheid te laat oorstaan nie. Dieselfde dag word beide Kotzé en Naudé op dieselfde manier uitgevang. Dit is baie duidelik dat die vergadering gefrustreerd geraak het met hierdie drie leraars en dat húlle aan die ander kant doelbewus hulle misnoë met die vergadering gedemonstreer het. Hulle was ook nie alleen nie, maar die leiers van 'n groep van die afgevaardigdes. Onder die liberaalgesinde leraars by die sinode het getel IGJ Horak (Mosselbaai), HCV Leibbrandt (Victoria-Wes), GA Martin (Aliwal-Noord), G van Niekerk (Hoopstad), LFG Biccard (Greytown), CT Muller (Pearston), CT Scholtz (Dordrecht), C Marais (Bredasdorp) en BH de Vries (Riebeeck-Wes). Soos in Europa die geval was, het ook hulle onderling in standpunte en denke groot verskille openbaar en tog 'n losse groep met dieselfde gesindheid gevorm.

Die kameel se rug het geknak toe ds Kotzé op Woensdag 19 November – na aanleiding van die petisie wat gevra het dat die Heidelbergse Kategismus verklaar en verdedig word in die prediking - verklaar dat die Heidelbergse Kategismus in antwoord 60 verkeerd is waar dit stel dat nadat die verloste deur 'n ware geloof in Christus geregverdig is, *en dat ek nog gedurigdeur(steeds) tot alle kwaad geneig is.* Volgens hom bevat dit taal *die niet eens in de mond van eenen heiden waarheid sou bevatten, of hij moest een duivel zijn, veel minder nog in dien van den Christen.*[29] Waar hy ookal daaroor sou preek sou hy sê dat hy meen die kategismus hier verkeerd is. Op voorstel van dr Robertson (van Swellendam) en ds Huet (van Pietermaritzburg) het die vergadering geeis dat

[28] *Handelingen 1862*, bl 26

[29] *Handelingen 1862*, bl 84

hy dit terugtrek. Op sy weiering is hy geleentheid tot die Vrydag gegun om die saak te oordink. Vrydag het hy verklaar dat hy dit nog sterker sou wou stel en nie bereid is om iets daarvan terug te trek nie. Burgers en Naudé het daarop aangedring dat Kotzé sy saak teenoor die vergadering motiveer. Die sinode was egter nie bereid om die Kerk se leer teen een van die Kerk se leraars te verdedig nie en het 'n kommissie aangewys om met hom in gesprek te tree. Die kommissie het gevra dat hy sy standpunt op skrif stel. Nadat hy sy verklaring voorgelees het, het Burgers en Naudé voorgestel dat die vergadering daarby berus. Die vergadering het egter tereg daarop aangedring dat hy sy stelling dat die Heidelbergse Kategismus verkeerd is, moes terugtrek en hom tot die volgende dag gegee om dit te doen.

Die aangeleentheid rondom Kotzé en die Heidelbergse Kategismus het baie aandag getrek sodat heelwat lede van die publiek die sittings bygewoon het wanneer die saak ter sprake gekom het. Van hulle het egter die indruk gewek dat hulle moedswillig geraas het om die verrigtinge te ontwrig. Daarop het die sinode besluit om aan elke afgevaardigde drie kaartjies beskikbaar te stel met die versoek om verantwoording te doen vir die mense aan wie hulle die kaartjies uitdeel.

Woensdag 26 November het Kotzé sy antwoord aan die sinode voorgehou waarin hy tot die slotsom kom dat die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 60 in teenspraak met homself kom. Volgens hom rym die antwoord in vraag 60 glad nie met die antwoord op vraag 8 nie. Burgers en Naudé was vinnig om voor te stel dat daar tussen Kotzé en die res van die vergadering net 'n verskil in die grammatikale betekenis van die sinsnede is. Die vergadering wou egter dat hy erken dat die Heidelbergse Kategismus nie verkeerd is nie en het 'n verklaring deur dr Robertson aan hom voorgehou. Voordat hy daarop kon reageer, het die nuus gekom dat ouderling HH Loedolff van Malmesbury en HH Smuts die hofsaak teen die sinode se samestelling gewen het waarop die lede woonagtig buite die Kaapkolonie die vergadering moes verlaat. Die twee professore van die Kweekskool het ook op 'n wenk die vergadering vrywillig verlaat. Dit het die meerderheid van die konserwatiewe faksie drasties verminder.

Naudé en Burgers het onmiddellik daarop aangedring dat 'n nuwe moderatuur verkies word.[30] Die hoofmotief vir die hofsaak was om van die konserwatiewe stemme vanuit die binneland ontslae te raak. 'n Nuwe verkiesing kon dit dalk vir die nuwe teologie moontlik maak om die leiding in die sinode oor te neem en hulle saak baie sterk te bevorder. Dit het nie gebeur nie. Die sinode het besluit om te verdaag totdat die moderatuur die lede weer oproep tot voortsetting van die vergadering.

Op 15 Oktober 1863 is die sinodevergadering met dieselfde moderatuur hervat om sy onafgehandelde sake te voltooi. Die volgende dag het Kotzé geweier om op die verklaring deur dr Robertson opgestel te reageer of om sy stelling terug te trek. Hierop is hy met behoud van traktement geskors tot en met die Sinodale Kommissie se vergadering in 1864 waar hy 'n laaste kans sou kry om van standpunt te verander. Hy het nie, is geskors en het die daaropvolgende hofsaak oor sy skorsing gewen. In die poging om hom terug te wen vir die regsinnigheid en in die baie geleenthede wat hy gebied is om weer oor die saak te dink, het die sinodevergadering nagelaat om aan hom 'n skriftelike akte van beskuldiging te besorg op grond waarvan die hof hom gelyk gegee het dat hy onregmatig geskors was.[31] Iets soortgelyks het met Burger gebeur nadat die Sinodale Kommissie hom aan leerdwaling skuldig bevind het. Beide Kotzé en Burgers is deur die Kerk uit die bediening geskors, deur die siviele hof herstel en het hulle bediening sonder goedkeuring van die Kerk voortgesit.

Toe daar by die Sinode van 1867 beswaar gemaak word teen die aanvaarding van die geloofsbrief van Burgers – terwyl finale uitsluitsel nog nie ontvang is van die Geheime Raad in Brittanje nie – is ook hierdie sinodevergadering verdaag tot verdere kennisgewing. Tydens die polemiek oor hierdie aangeleentheid het Kotzé verskonend erken dat

[30] *Handelingen 1862*, bl 104
[31] Du Toit, S: *Professor NJ Hofmeyr, 1827-1909, predikant in die lesingslokaal* (ongepubliseerde verhandeling 1984), bl 208 ev behandel die saak volledig.

hy nie van DP Faure se kansel in die Mutual Hall gebruik sou maak indien hy bewus was dat Faure die Godheid van Christus geloën het nie.[32] Die mate waarin die standpunte van die liberaalgesindes van mekaar verskil het, is merkwaardig. Dit het eerder oor ’n opvatting en ’n gesindheid teenoor die Kerk gegaan as oor ’n teologiese standpunt met eenvormige inhoud.

Die gevolge van die Moderne Rigting

Die oorhoofse vraag is wat hierdie ontevredenheid met die Kerk veroorsaak het? In die woorde van ds Naudé van Queenstown in 1860 op Graaff-Reinet was die leer van die kerk waaraan die Kerk vasgeklou het die orakelspreuke van hulle vaders. Die Kerk het bekrompe gebly omdat dit nie die nuwere teologie van verligte beskawing wou aanvaar nie. Daarom het die Kerk die remskoen vir die samelewing geword. Die Sinode van 1862 was die geleentheid waarvoor die voorstanders van die liberale rigting gewag het om ’n deurbraak in die Nederduitse Gereformeerde Kerk te bewerkstellig. Toe dit vroeg tydens die sinode al geblyk het dat dit nie gaan gebeur nie, het die leiers van hierdie rigting mekaar opgestook tot optredes waaroor hulle waarskynlik jare later skaam sou gekry het. Die pers en lede van die publiek het ywerig meegehelp om hierdie negatiewe beeld van ’n verkrampte kerk te laat posvat. Vir baie lidmate het hierdie begrip bly voortbestaan: al is ek lidmaat van die Kerk, bly ek erg krities daarteenoor en behou ek ’n afstand daarvan. Die situasie dat die lidmate van die kerk agterdogtig is teenoor die kerk, kerkbesluite, meerdere vergaderings en die kerkleiding, so onmoontlik as wat dit klink, is ’n realiteit waarmee ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk sedert die helfte van die negentiende eeu te kampe het. Op so ’n manier kan die Kerk vir ’n mens nooit die moeder word wat Calvyn bedoel het toe hy gesê het dat as God ons Vader is, is die Kerk ons moeder. *In die skoot hiervan wil God sy kinders versamel, nie alleen om deur die bystand en bediening daarvan gevoed te word so lank hulle suigelinge en kinders is nie, maar ook om deur die moederlike sorg daarvan gestuur te word totdat hulle wasdom bereik en uiteindelik die doel van die geloof bereik. Dit is ons immers nie geoorloof om dinge wat God saamgevoeg het, te skei nie, sodat die kerk ook vir diegene vir wie God hulle Vader is, hulle moeder is.*[33]

Die liberale rigting as deel van die gistingspot van die negentiende eeu met die aksente wat dit gelê het, het ’n positiewe bydrae tot die samelewing gelewer deurdat dit opvoeding sterk beklemtoon het, onafhanklikheid in die hand gewerk het, die nuusmedia versterk het en persoonlike selfstandigheid aangewakker het. Dit moet egter tot ’n groot mate verantwoordelikheid aanvaar vir die gesindheid van gesagsverwerping in samelewing en kerk, die onsekerheid in geloofsopvattinge en die agterdog teenoor die kerk. Die Hervorming het teenoor die toestand in die middeleeue daarin geslaag om die lidmate een met die kerk te laat voel: die lidmaat was die kerk wat deur Christus regeer is. Die liberale rigting met sy siening dat die lidmate by die kerk verby ontwikkel het, het weer die wig tussen die lidmate en die kerk terug geplaas.

[32] Dieselfde, bl 255.

[33] Calvyn, J: *Institusie van die Christelike Godsdiens, 1559*, 4.1.1, bl 1266-1267.